U3A Stilbaai Nuusbrief: nr 4, September 2015

Algemene Vergaderings (AG)

Ek was spyt dat ek **Willem Botha** se praatjie oor die Gourits Groep Biosfeer Reservaat misgeloop het verlede maand. Veral na die baie positiewe terugvoering wat ek ontvang het. Baie dankie Willem!!

Nuwe datums:

Ons bly van nou af by ons nuwe tydgleuf van die laaste Maandag van elke maand.

Ons volgende AG sal dan plaasvind op **Maandag, 28 September 2015 om 09h30.**

Ons spreker vir September:
Johan van Rooyen gaan praat oor "Die Suider-Afrikaanse Voëlatlasprojek". Dit is die grootste van sy soort in die wereld. Die aanbieding sal die impak en produkte van Atlasprojek 1 (van 25 jaar gelede) aandui. Dit sal verder die vordering van die lopende Atlasprojek 2 bespreek, asook die impak wat dit reeds op die bewaring van biodiversiteit het. Die data vir beide projekte is deur vrywilligers ingesamel en die spesifieke bydraes van 'n aantal Stilbaaiers in die Hessequa omgewing sal ook geilustreer word. Die omvang van die projek is deurentyd besig om te groei en die aanbieding sal ook verduidelik hoe die wat wil betrokke kan raak.

Ons gaan weer U3A Stilbaai lidmaatskapsfooie (van R 30 pp lid per jaar) insamel vanaf 9h00 voor die AG om 9h30 begin.

Ander sprekers en onderwerpe vir AGs later hierdie jaar is:·

- Oktober: "Boedel beplanning en wat moet in ag geneem word soos ons ouer word": Arthur Clarke/Stefan Pretorius
- November: Ons probeer om volgens U3A tradisie iets musikaal aan te bied vir ons laaste vergadering van 2015 en sal laat weet wanneer ons seker is.
- Januarie 2016: "Latest info on Climate Change": Prof Mike Lucas van UK
- "A Sub Antartic trip to Bouvier Island": Wendy Wilson

(Die meerderheid van praatjies sal in beide Afrikaans en Engels wees.)

Kursusse.

Onderwerp	Kontak Persoon	e-pos
"Natuurwetenskap" #	Stefan Pretorius	stefan877@mweb.co.za
"Botanical Art Drawings and watercolours"	Julie Wilson	wilson.julie222@gmal.com
"Creative Writing" (4 sessions)	Carol Malan	carol.malan@vodamail.co.za
"Hulp met rekenaars, tablette en slimfone"*	Stefan Pretorius	stefan877@mweb.co.za

Vertraging omdat ek eers 'n operasie moet ondergaan

*Nie kursusse nie maar een-tot-een hulp tuis.

<u>Voorgestelde</u> Kursusse

"Leunstoel Reise" (Armchair Travel), "Kookkuns demonstrasies" , "Geskiedenis", "Voëlkyk", "Botanie/blomme", "Opera/musiek/kore", "Fotografie", "Stap/hike", Klasieke films op DVD", "Dokumentêre films" op DVD of Blu Ray", "Fotografie"

(Ons soek Kontak persone en Kursusleiers hier op enige onderwerp wat van belang mag wees vir lede. Kursusleiers hoef nie elke maand te praat nie en kan reel dat ander bydra.)